# Pam-Pam voël

- Traditional San story
- Manyeka Arts Trust
- Willemien Wannberg
- 4
- Afrikaans af

Pensa was die beste jagter in die ganse Kalahari-woestyn. Hy het vet diere huis toe gebring en sy familie goed gevoed. Daar was ‘n voël, die Pam-Pam voël wat Pensa wou vang. Die voël se stertvere was perfek vir sy pyle. Die probleem was, hy kon nooit daarin slaag om Pam-Pam te vang of te skiet nie. Pensa se pyle sou soos ‘n voël deur die lug vlieg – as hy net vir Pam-Pam kon vang en sy stertvere uitpluk!

Pensa het na die wyse man, hulle medisyneman, toe gegaan. Hy het hulp gevra. “Wys asseblief vir my hoe om die Pam-pam voël te vang. Ek benodig sy veer vir my pyl-en-boog. Wat moet ek doen om hom te vang?” Die medisyneman het geantwoord, “Gaan en maak ‘n vuur. Wanneer al die insekte van jou vuur af weghardloop, moet jy die kleinste van hulle vang. Stel ‘n wip en plaas hierdie klein insek daarin. Dit sal die Pam-Pam voël lok.

Pensa het nie geweet dat die medisyneman en Pam-Pam vriende was nie. Pam-Pam het die medisyneman dikwels besoek. Hulle het vir mekaar stories vertel. “Ek waarsku jou,” het die medisyneman gesê toe Pam-Pam hom weer besoek het, “Ek het die jagter vertel hoe om jou te vang. Wanneer jy ‘n vuur in die veld sien, moet jy ver weg vlieg. Ek wil sien wie van julle sal wen. “

Intussen het Pensa sy jag op Pam-Pam voël begin. Hy het in die veld gesit en sy vuurstokkies gevryf en gevryf. Toe die rook begin draai, het hy in die fyn grassies rondom sy vuurstokkies geblaas, totdat ‘n klein vlammetjie uitgekom het en ‘n vuur geword het. Die insekte rondom die vlammende gras het weggevlieg, maar Pensa kon daarin slaag om ‘n jong sprinkaan te vang. Hy het dit in sy wip gesit.

Pam-Pam voël kon nie die sappige jong sprinkaan in Penda se wip weerstaan nie. Hy het besluit om af te vlieg en dit vinnig met sy skerp bek te gryp. Pesa het Pam-Pam se skree gehoor, “Pam-pam, pam-pam, pam-pam.” Pensa het na sy wip toe gehardloop. Die voël was gevang!

Pam-Pam het Pensa gesmeek om hom vry te laat. “O nee,” het Pensa gesê. “Ek wou jou al vir ‘n lang tyd gevang het. Vandag is jy myne! Jou vere gaan my pyle deur die lug laat vlieg, net soos jy.”

Pam-Pam het geskree, “As jy my doodmaak, sal jy nie meer vere vir jou pyle hê as hierdie verweer het nie, want ek sal dood wees. Laat my vry en ek belowe ek sal vir jou met elke volmaan nuwe vere gee. “

Pensa het vir Pam-Pam vrygelaat. Terwyl Pam-Pam wegloop, het hy gedink: “Is ek regtig vry?”

Pensa het huis toe gegaan en nuwe pyle gemaak. Toe die mense sy nuwe pyle sien, het hulle uitgeroep: “Oee, kyk hierdie jagter! Hy het die Pam-Pam voël se vere in sy pyle. Nou sal hy goed jag en vir ons goeie kos bring. Ons gaan feesvier!”

Daardie nag het die medisyneman die mense in ‘n vuurdans gelei om die jagter se sukses en Pam-Pam se vryheid te vier. Van daardie dag af het al die goeie jagters die storie van die Pam-Pam voël onthou en vir hulle kinders vertel as ‘n nagedagte aan die ou dae.

# Global Storybooks

globalstorybooks.net

## Pam-Pam voël

Traditional San story
Manyeka Arts Trust
Willemien Wannberg

CC BY